Ongeletterdheid is slawerny van die gees

Suid-Afrika is 'n land van kontraste – sommige vermaaklik; ander opvallend ontstellend, soos dié tussen die minderheid rykes en die miljoene armes.

'n Minder opvallende, maar ewe ontstellende kontras is dié tussen mense wat kan lees en skryf en die miljoene ander wat óf volledig ongeletterd is óf wie se geletterdheidsvlak hulle nie werklik bemagtig nie.

Dié kontras vang 'n mens onkant op plekke waar jy dit die minste verwag. In 'n stedelike winkelsentrum doen jy inkopies met elementêre gemak. Skielik tussen die opgestapelde rakke kom die verleë-fluisterende vraag van iemand met 'n blikkie kos in die hand: "Hoeveel is dié?"

Jy help die geld aftel en verneem so tussendeur dié mens

Van mens tot mens
Wilhelm Jordaan

koop produkte een vir een: betaal vir een en kom dan weer terug om nog iets te koop. Om opnuut vir iemand te vra: "Hoeveel is dit?"

Dít is 'n ongeletterde mens se verskrikkende verleentheid en onmag – verdwaas en verdwaal in 'n wêreld wat eis dat jy syfers verstaan en a en b en c van mekaar kan onderskei. Om, so natuurlik soos asemhaal, te kan lees en skryf.

In die literatuur oor slaafskap word dié soort verleentheid en onmag met felheid geteken.

In Wilma Stockenström se roman *Die kremetartekspedisie* is daar 'n aangrypende toneel waar die naamlose vertellerslavin, asof sy skryf, krapmerke op die bas van 'n kremetartboom met 'n ystervarkpen aanbring.

Dít verteenwoordig haar "boekstawing" van gedagtes en verlangens: "So versier ek jou strepie vir strepie met ons hersenskimme . . . Jy is vol van my letsels kremetart. Ek het nie geweet ek het so baie nie."

Juis daarom begryp mens die ekstase van 'n mens wat lees en skryf bemeester.

Soos in die geval van die Amerikaanse skrywer Frederick Douglass (1818 – 1895).

In sy *My bondage and my freedom* (1855) vertel hy hoe as slaaf gehoor het hoe sy meesteres hardop uit die Bybel lees. Vir hom was dít 'n misterie – hoe klanke uit 'n boek gehaal word en hoe tekens op papier skrif word wat jóú gedagtes bevat.

Dit het by hom die passie geskep om te kan lees en skryf. Téén die opdragte van haar man het die meesteres Douglass stap vir stap op die weg na lees- en skryfvryheid geplaas.

Later in sy lewe het hy een van die welsprekendste kampvegters vir die afskaffing van slawerny geword.

Saam met ander kampvegters het hy aangetoon hoe voordelig dit vir onderdrukkende heersers is om die ongeletterde massa dom en oningelig te hou – deur lees en skryf by hulle stelselmatig te ondermyn of te belet.

Wat Douglass en vele ander se verhale sê, is dat die mens 'n brandende begeerte het om te weet en te verstaan – om die mag van kennis te hê en selfbevoeg te wees – sodat jy beheer oor die verloop van jou lewe kan neem.

Dít is die hart van menswaardigheid. Lees en skryf is die weg daartoe.

In Suid-Afrika word baie gedoen om geletterdheid te verbreed, maar dit ontbreek die kapasiteit om by almal uit te kom.

Solank dít voortduur, duur slawerny van die gees, die letsels op die kremetart, voort.

■ *Wilhelm Jordaan is 'n buitengewone professor in sielkunde aan UP.*

Beeld 15/10/00, bl. 11.